# Kommunisme, Euro- Kommunisme en Rooms-Katolisisme

C J VILJOEN

*A. Inleiding*

Die opskrif wil na drie verskillende groothede in 'n sekere verband verwys. Die verbintenis is vir 'n redelik ingewyde in die wese, aard en doelstellings van elk seker net duidelik tussen eersgenoemde twee, waarby daar 'n duidelik aanwysbare ooreenkoms lê soos uitgedruk in die gemeenskaplike wat in hulle name voorkom. Dit gaan in hierdie kort studie egter nie soseer daarom dat daar na gemeenskaplike verbande en perspektiewe verwys sal word tussen hierdie twee nie (hoewel dit uit die aard van die saak óók so sal wees) as dat daar aandag gegee sal word aan die meer uiteenlopende en verrassend-afwykende van wat as die gangbaar bekende vooropstaan.

Want dat Kommunisme al 'n verwant gekry het naamlik Euro-Kommunisme, lê nie in sy oorspronklike aard en doelstellings nie, en kan mens 'n sekere afwysend-afkerige houding veronderstel, (soos dit al bekend is by die produkte van Tito en Mao-Tse-tung). Maar dan daarby gesê dat die mate van dubbelslagtigheid wat in die praktyk dikwels kenmerk van die Kommunisme was, weer hierdie afkeurende houding kan loënstraf en agteraf dui op 'n sameswering wat nie wys na te 'n sterk dualisme nie.

Dat hierby die Rooms-Katolisisme ook in verband gebring word, is te wyte aan die feit wat onder oë gesien moet word dat hierdie godsdiens wat radikaal afwysend en teenoorstaande moet wees, en wat geskiedkundig gesproke 'n bepalende en dominerende invloed – ook polities gesien – uitgeoefen het in die lande waar juis nou die Euro-Kommunisme die sterkste navore kom, en dat die Rooms-Katolisisme so anders reageer as wat mens van hierdie eens taamlik militante Kerk (ten opsigte van afwykende beskouinge wat die godsdiens raak) gewoond was.

Omdat die omvang van 'n studie oor hierdie verhouding en optrede van groepe groot en omvangryk is en baie stof bied, sal daar vir die doel van hierdie studie heelwat beperkings moet wees, en volstaan moet word met enkele tersake riglyne oor die Kommunisme, en wat die Euro-Kommunisme betref meer na die sterkste uiting daarvan nl. in Italië gekyk moet word – waar meteens ook die pouslike gesag as die sterkste gesien kan word in soverre dit die Rooms-Katolisisme aangaan.

*B. Die Kommunisme*

Daar is 'n paar baie duidelike en wesenlike kenmerke van die Kommunisme waarna gekyk moet word, alvorens dit langs die Euro-Kommunisme geplaas kan word by wyse van vergelyking.

1. Dit is nodig om te konstateer dat die Kommunisme as vrug van die werk van veral *Karl Marx* en *Friedrich Engels* 'n filosofie is wat synde totalitêr 'n ideologiese lewens- en wêreldbeskouing genoem kan word. Hier is iets wat nie bloot enkele bewerings oor die mens en sy verwante lewenskwessies maak nie, maar dit so doen dat dit *die mens geheel en al* betrek en al sy fasette van lewe in sy invloedsfeer wil plaas.

So gesien rig hierdie denksisteem hom op al die bestaanswyses van die mens – wat homself, sy wêreld en sy oorsprong aanbetref, met finale uitsprake oor sy doel en bestemming (selfs uiteinde). Dit sal dus beteken dat die Kommunisme aan die mens 'n *nuwe denke* wil gee met betrekking tot alle fasette van sy lewe – en dit sluit dus ekonomiese, politieke en maatskaplike sake in.

Maar nou is die mens kragtens sy aard en aanleg iemand wat alreeds in hierdie verband nagedink het en so gevorm is, of, kan ons ook sê, *leiding* in hierdie verband gekry het en hom so laat vorm het – lg. stelling maak ons in die lig van Gods openbaring, die Heilige Skrif. Van hieruit het vir die Christelik georiënteerde deel van die wêreldbeskawing *die Bybel* normatief geword vir sy beskouing oor leer en lewe. Nou wil ons kortliks aantoon dat die Kommunisme sigself as die radikale teëstelling van die Christendom openbaar – en daarom as uitgesproke heidendom.

2. Teen die godsdiens

Wat vir ons godsdiens is, is vir die Marxis totaal iets anders. Hierdie mens waarna verwys is, wat instemmend gaan luister het na die boodskap van die Bybel, praat in die eerste plek van Iemand wat hy God noem, en weet van 'n ander werklikheid as hierdie bekende een wat sigbaar en tasbaar is. Hy praat oor die hemel Bo, die lewe wat ewig is, ook oor skuld en sonde en verlossing. Hy praat van al hierdie dinge as 'n werklikheid omdat die Bybel vir hom 'n besondere openbaring van God is, wat hom 'n wete van al hierdie dinge gegee het. Dit is 'n wete wat besondere geldigheid vir hom het omdat dit gekoppel is aan 'n ander vermoë wat ook van buite homself aan hom gegee is, wat hy leer ken het as *geloof*. Hiermee is die manier beskrywe waarmee hy hierdie nuwe geloofswerklikheid omvat – 'n handeling wat bestaan in die genadevolle aktiwiteit van daardie God wat Hom so besonderlik geopenbaar het.

Teen hierdie stellings van die Christendom en die godsdiens in die algemeen kom die Kommunisme met 'n ideologie van "diesseitigkeit" waarby daar geen sprake is van 'n werklikheid "bo" of "anderkant" hierdie een wat ons ken nie. Die hemel met sy werklikhede word absoluut ontken. Die dinge wat die mens vir homself uitdink, is bloot skimme wat uit sy verstand spruit. Godsdiens is nie anders as bv. die reg, die staat, kuns of wysbegeerte nie, dit wil sê *produkte van die gees* van die mens en daarom iets wat heeltemal deur krag en stof bepaal word. Mens sou ook kon sê: Deur ekonomiese faktore. Die godsdiens in geheel word dan ook deur ekonomiese faktore bepaal. Marx het in Das Kapital gesê: "Die godsdienstige wêreld is slegs 'n refleksie van die ware wêreld" (die stoflike, die ekonomiese wêreld). Die mens het dan fantastiese beelde vir homself geskep ten opsigte van daardie uiterlike magte wat daagliks sy bestaan beheers.

Op hierdie trant word die saak spesifiek verder gevoer op die basis van die *materialistiese denkpatroon.* Die mens, sê hulle, wat die godsdiens uitgedink het, gebruik dit ook in sy selfsugtige strewe om sy kapitalistiese instellings, waardes en waarhede te behou en te beveilig teen die onderdrukte massa arbeiders wat tevrede gehou moet word met hul lot, wat ook op hulle plek gehou moet word en wat origens 'n troos moet hê van "'n beter eendag". So word godsdiens opium vir die volk. Dit is hierdie kapitalistiese skepping van die uitbuitersklas wat lei tot haat en stryd tussen die klasse, en uiteindelik opstand en rewolusie.

"Lenin (het) die Marxistiese grondreël naamlik dat die godsdiens vir die Proletariese Party geen private aangeleentheid kan wees nie, verder ontwikkel... Die streng wetenskaplike lewens- en wêreldbeskouing van die Proletariese Party verplig hom om 'n onversoenbare konsekwent-geestelike oorlog teen die godsdiens te voer".[1] Daarom moet godsdienstige vooroordele deeglik *teëgestaan* word omdat "die oorwinning oor godsdienstige vooroordele tot die belangrikste bestanddele van die *kommunistiese opvoeding van die* arbeiders behoort"[2].

3. Materialisme

Samehangend met dié grondgedagtes hoort natuurlik die begrippe van *dialektiese materialisme* en *historiese materialisme.* Hierin is die "godsdiens" van die Kommunisme uitgedruk. Dit druk die *bewegingswette* uit wat die oorsprong, werking en ontwikkeling van mens en wêreld moet verklaar. Sonder enige breedvoerigheid kan beweer word dat die historiese materialisme uitdrukking gee aan die kommunistiese beskouing dat die geskiedenis van die mens en al sy kultuurdinge in laaste instansie deur sosio-ekonomiese faktore bepaal word. Hierdie diahistomat (soos beide kortweg genoem word) word

gekenmerk deur ateïsme, materialisme, ewolusionisme, ekonomisme, rewolusionisme, sosialisme en utopisme.

Oor die godsdiens kan ons dus saamvat:
*God:* "Die religie van die arbeiders erken geen God nie, omdat dit probeer om die godheid van die mens te herstel"[3]. Hulle stel in die plek van God dus die vergoddelikte stof van die materialisme – bykans 'n godheid wat aanbid word. *Ewolusie:* Volgens hierdie denksisteem is alles in die heelal stof wat besig is om al bewegende volgens sy eie inherente kragte te ontplooi. Engels verklaar dat "sowel die stof as sy bestaansmodus, die beweging, onskepbaar",[4] ongeskape dus, is. Uiteindelik is daar geen radikale verskil tussen mens en dier nie – die mens is net beter en hoër, maar nog materie sodat daar geen sprake van 'n siel of ewige lewe in hierdie filosofie is nie.

'n God wat alles geskape het, het dus geen plek nie en hierdie saak wat ewolusionisties verklaar word, geskied eintlik op so 'n wyse dat hierdie noodwendige beweging inherent in alles is as kragte teenoormekaar, sodat stryd, konflikterende elemente en bygevolg rewolusie in hierdie ewolusionistiese patroon inpas. Want die sin hiervan is geleë in 'n voortskreidende *ontwikkeling* wat eintlik *verbetering* beteken. Van hieruit is die hele Kommunistiese strewe na aanhoudende stryd of *rewolusie* te verstaan wat vir hulle moet uitloop op die uiteindelike wêreldoorheersing, wat eintlik beteken dat hierdie denkrigting moet seëvier.

Maar dit beteken steeds vernietiging van die godsdiens (ook familielewe), en *van kapitalisme en daarmee saam* alle klasse en verskille en grense.

4. *Praktiese uitvloeisels.* Daar val wel iets oor die *tegnieke* van hierdie rewolusie en wêreldoorheersing te sê. Dit is belangrik uiteindelik by die vergelykende studie verderaan. Die byvoeglike naamwoord wat gebruik word is *subtiel.* Die metode waarop die teweegbring van die kommunistiese rewolusie beskryf is, is ook in al baie sterker taal beskryf, omdat die einddoel die hoogste is en daar nie van enige morele en sedelike hoogstaande standaarde volgens die heersende en bekende norme geldig in die Christelik-Westerse samelewing gebruik gemaak word nie. Daar kan selfs van 'n *duidelike patroon van optrede* gepraat word.

In die eerste plek kom mens die toenadering van byvoorbeeld Moskou en Peking agter wat met kapitale hulp, handelsooreenkomste, die aanbod van tegnici, die uitsaai van propaganda en verspreiding van leesstof die welwillendheid van ander nasies probeer verkry om *hulle saak* te bevorder. Tweedens probeer hulle die invloedrykste instansies van andersdenkendes te infiltreer, soos vakverenigings, skole en universiteite, koerante, en selfs kerke en politieke partye. Soos Marx dit stel, "orals ondersteun die kommuniste

elke rewolusionêre beweging teen die bestaande sosiale en politieke orde... orals werk hulle vir die vereniging en ooreenkoms van die demokratiese partye van alle lande,"[5] ook deur middel van frontorganisasies. Derdens veroorsaak die kommuniste chaos deur middel van die organiseer van stakings, sabotasie en rassebotsings, die verdeling van hulle opponente en selfs die uitbuiting van onvoorkombare natuurrampe en vervoerrampe. En vierdens volg die gewapende toeslag en bloedvergieting van binne (en soms ook van buite) die betrokke land. Karl Marx verklaar hier openlik in 1848: "(Die Kommuniste) verklaar openlik dat hul doelstellings slegs deur middel van die gewelddadige omverwerping van alle bestaande sosiale toestande verkry kan word"[6]. Die einde van verdere teëstand is likwidasie. So sal die wêreldwye ryk van vrede en vryheid in hulle idioom in hierdie toestand tree die arbeider (as die eertyds verdrukte en lyer van onreg) na vore om draer van die nuwe orde te word, waardeur die hele wêreld gered moet word van die verslawing deur die kapitalistiese uitbuiter. Dit impliseer die fundamentele ommekeer van die bestaande orde ter wille van die vestiging van die diktatuur van die proletariaat. Dit is duidelik dat die klem op die ekonomie gelê word waarby alle produksiemiddele in die hande van die volk, die arbeiders sal wees. Alleen so kom die ware Kommunisme tot stand, dat elkeen na *sy behoefte gegee sal word.*

Die vyandskap teenoor die godsdiens het in die loop van die geskiedenis duidelik na vore gekom. *J D Vorster* beskrywe Kommunisme dan ook as die *anti-Christelike mag.*[7] In 'n enkele jaar (1936) is 42 800 Ortodokse priesters en 800 Roomse priesters doodgeskiet of in slawekampe gesit. In 1937 alleen is 1 900 kerkgeboue gesluit en geplunder. Hierdie aksie het nog nooit opgehou nie. Dit het die tyd van die moderne martelare ingelui (vgl. Wurmbrandt, Popov, ens.).

Hierby moet egter gewag gemaak word van die buitengewoon *subtiele frontverandering* wat plaasgevind het toe dit eerstens blyk dat die Kerk in Rusland nie totaal uitgewis word nie, maar ook tot so 'n mate geduld word dat die Kommunistiese staat in dié opsig beskermheer van die kerk word deurdat hy in die kerklike aanstellings en besoldigings 'n hand kry. Tweedens is die opvallende dat daar 'n ekumeniese soeke sigbaar word by hierdie Kerk en dat bande by die groot kerklike wêreldliggaam die Wêreldraad van Kerke stewig gebind word, tot so 'n mate dat sterk en grondige verdenking by die Afrikaanse kerke ontstaan het, en dat hulle hul lidmaatskap van die W.R.K. opgesê het.

Dit is trouens tans in die suidelike dele van Afrika dat die invloed van hierdie wêreldliggaam op 'n onherkenbaar-linkse wyse gesien word (deur die wat wil sien)[8].

Hiermee saam spreek die verskillende *fondse* waarvoor die Wêreldraad van Kerke vader staan wat prakties gesien, uiteindelik *verande-*

*ring* deur geweld op verskillende wêreldfronte steun, en waarby, so terloops, die Rooi Beer die meeste voordeel trek.

### C. *Euro-Kommunisme in Italië en Rooms-Katolisisme*

Ons behandel hierdie twee sake in samehang met bekaar, omdat veral in die geskiedenis die invloed en gevolge van 'n wisselwerking tussen hulle nie uitgeskakel kan word nie; en uiteindelik sal die bande tussen Kommunisme en Euro-Kommunisme weer geïnterpreteer moet word.

#### 1. Die verhouding tussen Kerk en Staat

Mens kan nie 'n duidelike beeld kry van die agtergrond van die situasie in Italië as mens nie rekening hou met wat beskryf word as die *dissidio* – die tragiese konflik tussen die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) en die staat nie, iets wat sou lei tot 'n georganiseerde *antiklerikalisme* en 'n gelyktydige *klerikale intervensionisme* in die Italiaanse politiek.

Die saak het reeds aktueel geword teen die helfte van die vorige eeu. Die *unifikasie van Italië* was teen die wil van die pousdom, want dit het onder meer verlies van die pouslike gebiede in sentraal-Italië beteken. In September 1870 is Rome beset en as hoofstad geproklameer. Die "Wet van Waarborge" (1871) het sekere erkennings gemaak ten opsigte van die pous as 'n soewereine vors. (Die Vatikaan het die deklarasie as eensydig verwerp, en het volhard in sy eis om temporele soewereiniteit oor 'n spesifieke gebied).

*Fausto Fonzi* wat 'n studie gemaak het van die rol van die mag van die RKK in die nasionale lewe na unifikasie, het verklaar dat die eise van die Kerk net deel van 'n veel groter vraagstuk was, nl. die kwessie van die verhouding tussen die *liberalisme en Katolisisme,* tussen *nasionalisme en Kerk.* (Die probleem van die Fascisme was te wyte aan die vertraging in 'n oplossing van hierdie kwessie).

Eers met pous Leo XIII teen die einde van die 19de eeu het daar vernuwing in kerklike denke gekom. Toe was daar al 'n *Jakobynse liberalisme* in die parlement (onder *Crispi),* maar die nasionalisme het oorheers. *(A C Jemolo* het daarop gewys dat daar in die laaste helfte van die 19de eeu in die opgevoede kringe 'n oorwegende hoewel naïewe-weergawe van *materialisme en positiwisme* was, wat later vervang is deur *B Croce* se *idealistiese filosofie).*

Die Kerk is gesien as die vyand, en kwalik geduld. Die opvatting was dat geloof vervang sou word met die natuurwetenskap en die kerk met die skool. *Cavour* se vrye kerk in 'n vrye staat was nie meer die ideaal nie.

Van staatsweë kom toe maatreëls teen die ordes en kerklike eien-

domme; die skole word gesekulariseer en kerklik ingeseënde huwelike is nie erken nie. Die RKK antwoord met die pouslike *non expedit* (1874) waarvolgens lidmate hulle van stemming en kandidaatskap moet weerhou in die Italiaanse politiek; dus 'n beleid van geen samewerking nie, maar ook geen verwerping van die staat nie. Italië ontbeer die hulp van talentvolle mense in hierdie tyd. Maar daar is al begin met die kweek van ongehoorsaamheid aan die wil van die kerk in sulke sake, by diegene wat tog meedoen aan die politiek en landsake.

Die *non expidit* bly tot in 1919, maar *Pius X* het dit reeds begin verslap. In 1909 is die eerste Roomse na die parlement. 'n "Stille rekonsiliasie" is in 1913 se verkiesing bewerk (argitek: *Giolitti)* met die resultaat: Drie en dertig Roomse verteenwoordigers in die parlement, godsdiensonderrig in skole, steun vir sekere kerklike sake. Dit was die einde van die vervreemding van die kerk ten opsigte van politieke betrokkenheid.

Die eerste Rooms-Katolieke party kom na die eerste Wêreldoorlog tot stand. Die fasciste het dit egter ontbind, en eers na die val van die fascisme is die kloof tussen die Katolisisme en liberale demokrasie oorbrug in die verskyning van die Christen-demokrate.

Die RKK was egter tragies passief ten opsigte van die fascisme. Die probleem was dat die Kerk dan die liberale staat sou verdedig as dit fascisme sou opponeer. Dit het gelyk of fascisme 'n kleiner euwel sou wees as die alternatief – maar dit was 'n kolossale oordeelsfout. *Mussolini* was geneig om godsdiens te sien as 'n instrumentum regni, en om sy hand te sterk het hy vele toegewings aan die Vatikaan gedoen in die *Lateraanse Ooreenkoms* (1929). Die Vatikaanstad is aan die pous gegee met soewereine regte oor sekere kerke en geboue elders, tesame met beskrewe regte aan die Roomse godsdiens, en so meer.

Twee jaar daarna moes die diktator hardhandig optree teen die sogenaamde Katolieke Aksie, wat die ensikliek *Non abbiamo bisogno* (1913) tot gevolg gehad het. Nietemin is die Lateraanse Ooreenkoms in die 1948 Konstitusie vervat en is die sogenaamde Roomse kwessie wetties besleg.

Aan die een kant lyk dit dus of die *dissidio* tussen Kerk en staat beslissend bygelê is, maar juis die feit dat die Christen-demokrate 'n konfessionele party is, (en wat bowendien nie veel gedoen het om die lot van 'n arm bevolking later in regeringsjare te verlig nie), het die ou *anti-klerikalisme* lewendig gehou by 'n deel van die Italiaanse bevolking. Hierdie dinge moet beslis in gedagte gehou word as mens na die geskiedenis van die linkervleuel sosialiste en die *Partito Communista Italiano* kyk.

Oorsigtelik kan mens sê dat die verhouding tussen Kerk en staat in Italië hoofsaaklik bepaal is deur *politieke faktore* en *polities-historiese ontwikkeling*. Ook moet verklaar word dat die rol van die RKK groot-

liks beperk is deur sy pogings om in die verloop van hierdie gebeure in te gryp. Dit het meesal misluk; in die mate waarin dit geslaag het, was die gevolge dikwels nadelig vir die praktiese lewensbestaan van die landsburgers, wat tegelyk, grotendeels ook die kerklui van die RKK is. Die bevolking het hierdie bemoeienis dikwels gesien as iets wat alleen maar kwaad gedoen het. Uit hoofde hiervan het die gevoel van anti-klerikalisme in die politiek al sterker geword en 'n gevestigde plek in Italië se politieke bedrywighede gekry.

Die kruis van die Kerk was veral die *sekularisasie-proses* wat oor die afgelope dekades heen strek. Mens sou dalk kon praat van die politieke invloed van Rome as mens dink aan die pous se mag oor soveel miljoene Roomse dwarsoor die wêreld, maar die feit bly staan – en Italië se binnelandse politiek wys dit duidelik – dat die Roomse hulle eerder deur brood en botter-sake laat lei as deur religieuse tradisionalisme as dit by politiek kom.

## 2. Die CPI (Communista Partito Italiano)

'n Aanvaarde kenner van die CPI, *Giorgio Galli*, sien die party as die mees gevorderde party in die internasionale kommunistiese beweging. Die vroeë geskiedenis van die party bring manne soos *Bordiga*, *Gramsci* en *Togliatti* na vore. Lg. was die groot argitek van die huidige politieke rigting in die PCI, wat genoem word: *Die Italiaanse weg na Sosialisme;* wat 'n teëstelling vorm ten opsigte van Gramsci se beleid (volgens Lenin se stellings) dat die "bourgeois" parlementêre institusie gewelddadig omvergewerp moet word om plek te maak vir die diktatorskap van die proletariaat. Togliatti egter het gereken dat dit moontlik was om na sosialisme te beweeg, nie net deur middel van *demokrasie* nie, maar ook *parlementêre strukture*. So beweer die PCI dat daar binne die raamwerk van die Italiaanse konstitusie gebly sal word – dus volgens 'n vreedsame, parlementêre en demokratiese manier. Hulle optrede is aangepas by 'n Westerse gemeenskap se eise. Daar is spesifiek ruimte gelaat vir vryhandel, privaatbesit en vrye vakbonde. Hierdie Kommunisme het 'n Italiaanse identiteit; daar is gesorg dat godsdiensvryheid gewaarborg word, asook vryheid van spraak en kultuuruiting. 'n Pluraliteit van politieke partye word gehandhaaf tesame met die bekende demokratiese prosesse. In Italië het die Kommunisme dus 'n heeltemal humanitêre voorkoms. Hulle soek steun en simpatie, en kry dit ook. Hulle bespreek hulle beleid van verandering openlik in hulle interne diskussies. Hulle weier enige dominering deur die Soviet (KPSU), en verdedig byvoorbeeld hulle houding by die Soviet-Party Kongres van 1976. Hulle steun die Europese parlement en stuur afgevaardigdes daarheen, en in verkiesings toon hulle graag hulle demokratiese vermoë.

Hulle aarsel nie om te sê dat Italië in NAVO moet bly nie (versweë moontlike negatiewe redes!). Deur al hierdie dinge werk hulle onder leiding van *Berlinguer* ('n sterk, simpatieke en populêre figuur) aan 'n beeld van *"credibility"*. In die laaste verkiesing uiteindelik, was hulle dan ook die sterkste ooit met bykans die helfte van die bevolking agter hulle.

Hierdie latere prestige van die PCI was miskien grootliks die gevolg van sy weerstand teen die Fascistiese diktatorskap. Dit bring die redes vir hierdie groei ter sprake. Die omvattende verskynsel van die "Italiaanse weg na sosialisme" soos hierbo bespreek, moet gemeld word. Gewoonlik word verwys na die armoede en ongeletterdheid in Italië (en ander Roomse lande waar die kommuniste vordering gemaak het) as die beste teelaarde vir Kommunisme. Tog het sake ekonomies na 1945 verbeter – en so ook die PCI se stempersentasie. Hier is dus 'n komplekse probleeem. Dit hou verband met die volgende sake. Die Kommuniste het altyd poseer as voorstander van 'n *leke-kultuur* in opposisie met Rooms-Katolisisme, en het die antiklerikalisme in die Italiaanse politiek gevoed. Verder het 'n grootskaalse trek na die stede begin (ook vanuit die arm-Suide) plaasgevind wat toestande ekonomies en sosiaal laat agteruitgaan het, hulle hand gesterk; hulle tree op as die groot kampvegters van hervorming. Natuurlik sou stemme verdeel word deur die Sosiaal-demokrate of die PSI, maar algaande is 'n stem vir die PCI gesien as 'n stem teen "die sisteem", sodat daar 'n bekende verskynsel in die partypolitiek begin posvat het:

Mens stem tradisioneel vir die kommuniste as jy teen die regering wil stem.

Dit kon so gebeur, wat die party in Italië het gesorg dat elke monopolie van mag en diktatorskap van die prolerariaat afgewys word ten gunste van gemelde vryheid van opinie, spraak, beweging, ens. Hulle het aanvaar dat hulle krag geleë is in die samesnoering van politieke magte oor 'n breë front ten einde die monopolie van die kapitalisme te elimineer.

Die gevolg van dit alles is dat een saak vasstaan: Die kommuniste het in Italië (en ander betrokke lande) 'n staanplek gekry, en hul plek legitiem gemaak in die godsdienstig-politieke bestel van die betrokke lande. Openlike of bedekte afkeuring van die RKK verander daar niks aan nie. Dit gaan buite hulle om.

### 3. Die Kommunisme genaamd Euro-Kommunisme[9]

Algaande het dit duidelik begin word dat hierdie soort Kommunisme sy eie aard het; tuisgemaak in sg. Westerse lande het dit deur aanpassing en benutting van interne polities-historiese faktore 'n eie

plek verwerf waaruit dit skynbaar nie sommer sal ontwortel word nie.

Mens sou Euro-Kommunisme kon bestempel as taktiek om die mag in die hande te kry. Ons het hier met 'n vaandel te doen wat beskerming verleen aan die draer daarvan – beskerming teen aanvalle van allerhande ekstremiste. Dit is nie net kommuniste wat hierdie vaandel gebruik nie; ons kry dit ook by die ekonomie (Euromark), sosiale groepe (Euro-Sosialisme) en selfs katolieke groepe (Euro-Katolisisme). Daarop sal ons weer moet terugkom.

Intussen meen ons dat dit nie oordrewe is om te sê dat Euro-Kommunisme vasgevang sit in 'n paradoks nie. Dit was vir hulle nodig om die ondenkbare te bedink. Hulle moes enersyds terugkyk op hulle geskiedenis as ideologie en probeer om hulle ou oortuigings te heroorweeg in die lig van hulle posisie in die Westerse lande waarin hulle 'n vastrapplek gekry het. *Georgio Napolitano* sê: "We are well aware of the fact that today we are asserting a conception of the relationship between democracy and socialism that cannot be identified with the one elaborated by Lenin"[10]. In hierdie optrede is daar blyke van die besef dat 'n rewolusionêre oplossing nie vanselfsprekend is nie, maar dat die hele saak gedra moet word deur politieke inisiatief. Die probleem kom egter daarin dat hulle hierdie vrye en demokratiese uitkyk het, maar nietemin vashou aan die tradisionele rewolusie en die despoties-burokratiese verwesenliking daarvan. Hulle denke volg die lyne van *Marx* en *Gramsci,* sonder om die konklusie te trek dat die werkers by die kapitalisme 'n lewe van menswaardigheid lei, terwyl dit verslaaf is onder die heersende vorms van Kommunisme.

Verder: Sal die kommuniste hulle *ideologiese uitgangspunte* soos ons dit baie kortliks hierbo gestel het, kan versoen met hulle *demokratiese politieke strategie?* Kan hulle *Marxisme en demokrasie, kollektiwisme en pluralisme* versoen en binne die Marxisme-Leninisme bly?

Ten slotte net iets oor die verhouding tussen ortodokse Kommunisme en Euro-Kommunisme.

Die groot vraag is of die huidige situasie in Italië (en Frankryk, Spanje en Portugal) bloot 'n oorgangstadium is, onderweg na vernietiging van kapitalisme en die triomf van Kommunisme? Of sou mens in Euro-Kommunisme 'n verdere reaksie hê naas dié van Tito en Mao teen Russiese dominasie in die veld van Kommunisme? Partykongresse wys dat Euro-Kommunisme wel 'n groot uitdaging is aan Soviet-Kommunisme. Baie kenners sien dit as 'n bose invloed in *Oos-Europa,* met moontlike gevolge vir die bande van daardie betrokke lande met Rusland en selfs vir die Warskau-verdrag. Die verbasende sou wees dat hier 'n uitvoer-artikel in Euro-Kommunisme sit – hierdie keer van Wes na Oos!

Nietemin, met die volgende moet rekening gehou word. Euro-

Kommunisme is nog Kommunisme. Daar is spesifieke bande wat onderling met feitlik alle kommuniste gehandhaaf word, soos dit duidelik in die konferensie van Kommunistiese partye tot uitdrukking kom. Let veral op die woorde van Boris Ponomarev (verantwoordelike in die Politburo vir alle rewolusionêre bewegings in die nie-kommunistiese lande)), dat die Weste die proses van Euro-Kommunisme heeltemal misverstaan. Die oënskynlike verskille in die kommunistiese wêreld het te make met "taktiese maatreëls". "The West was trying to 'convert the differences into disagreements, and the disagreements into a split", and by doing so was badly misleading itself. What the West believes is Eurocommunism is in fact something entirely different. Indeed, the Eurocommunism which exists in the West's imagination is entirely something invented by the bourgeoisie'"[11]

4. Euro-Katolisisme

Die sukses van Euro-Kommunisme het een feit baie duidelik aan die lig gebring: Dat die eertyds veelgeroemde politieke mag van die RKK nog baie min werd is in die huidige, veranderde omstandighede. Daar kan verwys word na die swak leierskap van Paulus VI, die gedaante van die kerk self, verdeel in heelparty strominge waarvan die sterkste lyk of dit kardinaal König van Wene is met sy protes teen die kerkvernietigende beleid van die Oos-Europese regerings. So kom dit dat die term en begrip Euro-Katolisisme 'n uitvindsel van die Duits-Sprekende hiërargie is, as 'n antwoord op die "latynse "Euro-Kommunisme. Ons het hierin te make met 'n swakke *poging om die hele saak te red.* "Somehow, the whole conglomaration of regionalism, Catholisism (in its many forms), communism, the strongly increased demand for civil rights must come together to produce a completely new outlook".[12]

In Italië is die RKK se anti-Kommunistiese leier kardinaal *Benelli* van Florence. Sy optrede teen die Vatikaanse segsman *M Agostino Casaroli* wat elke konfrontasie met die kommuniste wil vermy, is bekend.

Die vernuwing van die Christen-demokrate kom ook van die RKK wat daadwerklik probeer om sy beeld te herstel. 'n Nuwe groep "Communion and Liberation" sluit veral Roomse in om die jeug te betrek – met 'n ledetal van 100 000. Ook die Katolieke Aksie probeer nuwe lewe inblaas en het in 1977 11% meer lede ingeskryf – 600 000.

Interessantheidshalwe word 'n aksie in Suid-Afrika genoem die sogenaamde *SA Katolieke Verdedigingsbond,* met hoofkantoor in Silverton. Hulle het 'n blad, Candidus, en trek skerp te velde teen die Kommunisme in sy aanslag teen Suid-Afrika, maar spaar ook nie die

kerkleiding plaaslik vir sy floue reaksie op selfs negatiewe optrede in dié verband nie.

Dit is egter nodig dat 'n ander aspek van die verhouding tussen die kommuniste en die RKK, beter belig word. Die besef dat samewerking met die RKK noodsaaklik is, het al van Gransci gekom, wat 'n soort kompromis gesoek het. Togliatti het verder gegaan en ingestem tot die bekende Lateraanse Ooreenkoms. Vanaf 1973 is daar die Compresso Storico, "an understanding, a political alliance, between Communists, Socialists, Christian Democrats and other anti-fascist popular forces both of Catholic origin and of lay and democratic tradition, in order to give the government of the country a wider basis of consent and the strength and authority needed to overcome the crisis and enable Italy to make progress"[13] aldus die jongste PCI leier, Berlinguer.

Dan kry mens 'n aanhaling soos hierdie: "The existence in the organized Catholic World and among the Catholic masses of a clear move to the left during the time of Pope John that needs to be understood *and assisted.*"[14] (Ons kursivering.)

En verder is ook die volgende insiggewend:

"The spiritual father of the PCI may be Marx, but its matrix is the political and social culture of Italy, and the essense of the culture of Italy, and the essence of that culture is *transformiso*" – waarvan Stehle sê: "It blurs distinctions between politicians and their views – defuses conflicts, discourages fanaticism and brings issues down to human levels, prevents exaggeration and makes compromises possible."[15] Dit was ook die gelykmakende faktor tussen Kommunisme en Rooms-Katolisisme.

Die groot vraag is natuurlik: Hoe ver het hierdie verbroedering tussen twee skynbaar onversoenlike rigtings in Italië gevorder? Hoe ver het die twee belangrikste faktore wat mens kan aflei, gevorder, nl: a. Die publieke opinie dat daar nie so 'n onversoenlikheid is tussen Kommunisme en Katolisisme nie, en b. Die groeiende sekularisasie in die Italiaanse samelewing wat 'n afname in klerikalisme ten gevolg het – met ander woorde 'n onwilligheid by groot dele van die Katolieke kieserskorps om deur die Kerk voorgeskryf te word oor politieke sake? Hieroor is opnames gemaak wat oor 'n paar jaar strek en toon dat 'n ja-antwoord op die vraag of mens tegelyk 'n goeie kommunis en 'n goeie Rooms-Katoliek kan wees, in 1961 deur 20% van die respondente gegee is en in 1973 deur byna 60%[16].

### *D. Samevatting*

Dit val tog op by die deurgaan van die gegewens dat mens nêrens by al die ondersoekers van die Italiaanse situasie enige besorgdheid teë-

kom oor die toekoms van die land, of kommer oor die uiteinde wat die invloed en mag van die opkomende Kommunisme en sy duidelike greep na die magsbeheer sal hê nie. Dit al wil mens sien as simptoom van die *toenemende* onverskilligheid oor wat van die Christendom sal word – soos dit beliggaam is in die institusionalisme van die RKK, die sterkste mag in wat nog as Christelik vandag beskou kan word.

Vir ons gevoel skuil die klaarblyklike probleem en swakheid in die *institusionalisme* van Rome, in die *klerikalisme* wat lankal sy kerkvolk van hom vervreem het toe dit nie die algemene priesterskap van die gelowige reg verkondig en beklemtoon het nie. Rome het sy greep op die kerkvolk verloor óók vanweë sy gebrek aan positiewe optrede en goeie leiding aan 'n regering teenoor wie hy nog kon getuig en sy plig as kerk vervul. Die heersende gevoel van anti-klerikalisme wys maar net op pligsversuim in die verlede, toe die lot van 'n verarmde en redelik agterlike volk baie meer aandag moes gekry het.

Daar is sprake van verdere simptome van hierdie problematiek in die Vatikaan, as mens die strominge sou bekyk wat duidelik geword het in die laaste tyd. Openbaarder daarvan is Malachi Martin, voormalige Jesuïet professor aan die Pouslike Bybelinstituut te Rome. Hy sê: "The Progressivist faction is made up of three groups: Christian Marxists; the 'new theologians'; and a goodly number of Charismatics. The Christian Marxists advocate a close alliance, political and otherwise, between Christians and Communists"[17].

Skynbaar is daar ook in Roomse kringe onrus oor die weg wat ingeslaan is, 'n verpolitisering en versosialisering van die suiwere Evangelie. Die tans gestorwe Paulus VI word onder verdenking geplaas omdat hy sy links-gesindheid toon deur toegewings aan Marxistiese regerings, (wat ongesteurd voortgaan met hulle anti-Roomse en anti-godsdienstige houding); deur Janos Kadar, hoof van die kommunistiese regering van Hongarye te ontvang; nie die vriendskap tussen kardinaal Silva Henrigues met Salvador Allende, die Chileense Marxis, af te keur nie.

Seer sekerlik moet mens baie motiewe probeer verstaan in die Vatikaan se politiek om vir lidmate van die kerk agter die Ystergordyn lewensruimte te verseker. Die buigsaamheid van die pousdom in intriges van hierdie aard het egter al gramskap verwek.

Die vraag wat ons kwel, is egter dit: Aan die anderkant weer gesien: Kan mens die toegeeflikheid, die aanpasbaarheid, die openheid, die keuse van 'n vreedsame weg, die beloftes van vryheid deur die Euro-Kommunisme soos beliggaam deur die *PCI* ernstig opneem? Die Italiaanse (en hoofsaaklik Roomse) kieserskorps is besig om hulle manifes op gesigswaarde te aanvaar. Die ernstige ondersoeker let egter op die *oorspronge* van die party, die *ideologiese agtergrond* en die *internasionale bande*. Hierdie ondersoeker is dan ge-

noodsaak om te verklaar: In die lig van wat hieroor bekend is, vanweë die wortels van die Marxisme en veral ten opsigte van die godsdiens in die algemeen en die Christelike godsdiens in die besonder, is dit onmoontlik dat die PCI of enige ander kommunistiese party so 'n beeld van tegemoetkomendheid en toegeeflikheid sal bly handhaaf as dit eers die leisels ferm vasgevat het. Die stelling moet gemaak word dat hierdie party pragmaties optree, en dat mens hier met 'n oorgangstadium te doen het. Daar is wel sprake van 'n eie nasionalistiese stempel op die kommunistiese partye in die weste, en dat hulle seker voorbehoude oor die leiersfigure van die Kremlin het. Nietemin sal veral godsdiensvryheid in die gedrang kom. Die groot vraag van die 20ste eeu sal miskien wees: Wat het die magtigste Christelike Kerk, die RKK aan die probleem van Kommunisme gedoen?

1. Lenin über die Religion (LUR) Dietz Verlag Berlin 1965 p 3
2. A w p 3
3. Marx aan Hartmann. Gesiteer deur Wurth: Het Christelijk Leven, Kok, Kampen, p 116.
4. Engels, Dialectics of Nature. Moskou & London 1953/4 p 337.
5. Marx Selected Works II p 78. Aangehaal: Lee, Kommunistiese aanslag op ons Land en gees.
6. Manifes (MCP Progress Publishers Moskou, p 53.
7. J.D. Vorster. Kommunisme – die Vuurrooi Draak Baanbreker Uitgewers Roodepoort p 4. Vergelyk die Wêreldraad van Kerke
8. Vergelyk die Wêreldraad van Kerke se optrede in Angola, HT van Deventer, Die Hervormer Des 1977, ook mnr Rowan Cronje se reaksie op One World, maandblad van die WRK in die Hervormer Jan 1978.
9. Bruno Kreisky (Kanselier van Oostenryk) het gesê die term Euro-Kommunisme is 'n uitvindsel van die Europese joernaliste, tydens 'n perskonferensie op 8 Julie 1977. Die Wêreld in Oënskou Augustus 1977 p 154.
10. Foreign Affairs, Julie 1976 p 706.
11. N.a.v. 'n konferensie in Moskow met die 60e verjaarsdag van die Oktober-rewolusie met tema: The Great October Revolution and the Contemporary Epoch. In Intelligence Digest, 1 July, 1978.
12. Foreign Affairs April 1976 p 526.
13. Irving REM The Europe Policy of the French and Italian Communists p 407 (in International Affairs July, 1977).
14. Uit: Text of Togliatti Memorandum on the Problems of World Communist Tactics, in New York Times September 5, 1964.
15. Stehle H. The Italian Experiment and the Communists, in The World Today, Royal Inst. of International Affairs, Januarie 1977 p 12.
16. Giacomo Sani: The PCI on the threshold, in Problems of Communism, November December 1976.
17. Uit The Christian Beacon, aangehaal deur Encounter May 1978.

*Bibliografie*

Communism in Europe Vol. I. Ed. by William E. Griffith MIT Press.
The Politics of the Vatican. Peter Nichols Pall Mall Press, London.
Kommunisme Teorie en Praktyk onder redaksie van G. Cronje. J.L. van Schaik, Pta 1969.
The Government and Politics of Contemporary Italy by Dante Germino and Stefano Passigli Harper & Row.

Bewaar jou Erfenis, Antikom publikasie 1968.
Kommunisme die Vuurrooi Draak. J.D. Vorster, Baanbreker Uitgewers, Roodepoort.
Kommunistiese Aanslag op ons Land en Gees, Antikom publikasie.
Oor die Tweede Vatikaanse Konsilie A.D. Pont, H.T.S. Jan. 1964.
The Communist Question in Italy. Sergio Segre in Foreign Affairs an American Quarterly Review, Julie 1976, ook Apr. 1976 e.a.
International Affairs, verskeie artikels.
The Western Political Quarterly XXX no. 1 Mrt. 1977.
Problems of Communism Nov. Dec. 1976.
Wêreld in Oënskou.
Encounter (Publikasie van Christian League in S.A.).
Die Hervormer.